

17

NIEMAND IS BELANGRIKER AS ANDER NIE

Armoede en rykdom

ALGEMENE DOELSTELLING

Die kinders moet weet almal, ongeag hulle kultuur, ekonomiese status of posisie in die samelewing, is gelyk voor God.

SPESIFIEKE DOELSTELLING

Kennis

Die kinders moet leer dat –

- almal, ongeag wie of wat hulle is, God se kinders is; en
- God nie sekere mense insluit en ander uitsluit nie.

Gesindheid

Die kinders moet bereid wees om mense onvoorwaardelik te aanvaar.

Vaardigheid

Die klas vergader saam met die diakonie, diakonale dienskomitee of diensgroepe, en besluit hoe hulle gaan help fondse bymekaar maak vir behoeftiges in die gemeente. Die kinders beplan saam aan 'n projek en voer dit uit. Die kategeet neem inisiatief vir hierdie ontmoeting.

MEER INLIGTING

'n Mens is geneig om aan aardse dinge verknog te raak. Dit is deel van die mens se sondige natuur om besitter en heerser te wil wees. Die mens raak maklik 'n versamelaar en vergaarder van aardse goed.

Toe Jesus deur Satan in die woestyn versoek is in Matteus 4, moes hy by Jesus se menslike natuur ingang probeer vind. Hy bied vir Jesus roem en rykdom aan – hy bied Hom die koninkryke van die aarde aan. Voor so 'n versoeking swig die menslike natuur maklik. Ons begeer roem en rykdom. Jesus het nie aan dié versoeking toegegee nie, want Satan se rykdomme het 'n prys – Jesus moes hom aanbid en dien. Maar Jesus het dit baie duidelik gestel: *Die Here jou*

God moet jy aanbid en Hom alleen dien. En hoe maklik buig baie mense die knie voor Satan ter wille van rykdom en eer!

In Matteus 6: 19 waarsku Jesus: *Moenie vir julle skatte op aarde bymekaar maak waar mot en roes dit verniel en waar diewe inbreek en dit steel nie...*

Presies wat sê Jesus?

- Hy sê nie dat rykdom sonde is nie.
- Hy waarsku teen die versamel van en die opgaan van skatte.
- Dit gaan vir Hom oor die selfsugtige omgaan met middels.
- Dit gaan oor 'n buitensporige verknogtheid aan aardse dinge.

Die sonde waarteen Jesus dit hier het, is inhaligheid en gierigheid. Nee, dit is nie verkeerd om geld te spaar of in 'n pensioenskema te belê nie. Om vir die toekoms voorsiening te maak, is heeltemal in orde. Solank jou eie belange nooit groter word as God se belange nie. Ons lees in die Bybel dat gierigheid dieselfde is as afgodery!

AANBIEDING

Jy het nodig:

- Die Bybel.

KOM ONS BEGIN

Open met gebed.

HET HULLE ONTHOU?

- Laat 'n paar kinders die items uit Romeine 12: 9-13 opnoem wat hulle by verlede week se les gaan merk het waarin hulle voel dat hulle goed vaar.
- Laat 'n paar kinders Matteus 25: 37 en 45 opsê: *Here, wanneer het ons U honger gesien en U gevoed, of dors en U iets gegee om te drink? ⁴⁵En Hy sal hulle antwoord: ...Vir sover julle dit aan een van hierdie geringstes nie gedoen het nie, het julle dit aan My ook nie gedoen nie.*
- Vra 'n paar kinders wat die Here Jesus met bostaande woorde bedoel. *Dat ons aan alle mense in nood hulp moet verleen.*

VANDAG LEER ONS

BEGIN SO

Almal, letterlik elke mens op die aarde, is God se kinders. Sommige wil dit nie weet nie, of glo dit nie. Ons maak ons dikwels daaraan skuldig dat ons mense klassifiseer op grond van hulle besittings, hulle huise of woonbuurt, ensovoorts. Die Here doen dit nie. Intendeel, Jesus het self baie nederig grootgeword, as die seun van 'n houtwerker.

IETS INTERESSANT

Dra die inhoud van MEER INLIGTING aan die kinders oor.

IETS BELANGRIK

Skerp die volgende by die kinders in:

- Almal op aarde is deur God gemaak. Een is nie belangriker as 'n ander nie.
- Dit is nie waar dat rykdom beteken dat jy uitermate geseën word, en armoede dat jy nie belangrik genoeg vir God is nie.
- 'n Mens moenie onverskillig met geld omgaan nie, maar deeglik beplan en spaar. Andersyds kan jy nie anders nie as om op die Here te vertrou.
- Ryk mense mag nie beter behandel word as die armes nie.

IETS OM TE DOEN

Laat die klas oor die volgende gesels, en help hulle om die vraag te beantwoord, waar nodig.

- Lees 1 Timoteus 6: 6-10: *Die godsdienst is 'n groot wins as iemand tevrede is met wat hy het, want ons het niks in die wêreld ingebring nie; ons kan ook niks daaruit wegneem nie. As ons dan kos en klere het, moet ons daarmee tevrede wees. Maar dié wat ryk wil word, val in versoeking. Hulle loop hulle vas in die strik van baie sinlose en skadelike begeertes waardeur mense in verderf en ondergang gestort word. Party het geld nagejaag en toe van die geloof afgedwaal.*

Wat verstaan jy onder hierdie Bybelverse? Lewer kommentaar daarop nadat julle 'n bietjie daaroor debat gevoer het. *(Paulus skryf vir Timoteus, 'n jong dominee, hierdie brief. Hy is baie lief vir Timoteus, en hy wil vir Timoteus leer dat gelowiges mense nie aardse besittings van ander moet begeer nie, want dit kan hulle nie gelukkig maak nie. Hy wys daarop dat om te veel geld en besittings te hê, 'n mens in versoeking kan stel.)*

BY DIE HUIS

DOEN

- Praat met jou gesin en vriende oor rykdom. Stem hulle saam met die opmerking dat dinge jou nie gelukkig kan maak nie, maar net die wete dat jy aan die Here behoort? En om dit te weet, beteken dat jy jou nie onnodig sal bekommer nie.
- Beplan saam met die diakonie 'n fondsinsameling vir behoeftiges.

LEER

Leer die woorde van die Onse Vader (Gesang 266) uit jou kop.

AFSLUITING

Sing of lees die woorde van die Onse Vader, Gesang 266. Let op die bede: *Gee ons vandag ons dag se brood...*

Ons Vader wat woon in die hemel,
geheilig sy u Naam.
Laat u ryk kom, u wil geskied
soos in die hemel so ook op die aarde.
Gee ons vandag ons dag se brood
en vergeef ons al ons skulde,
net soos ons vergewe
dié wat teen ons sondig.
Laat kom ons nie in die versoeking,
maar verlos ons van die Bose.
Van U is die ryk
en die sterkte en die ere,
vir ewig en ewig, amen.
Vir ewig en ewig, amen.